

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 14 Mar 2018
Page: 23

AVE: 58700.05
Circulation: 35934
Part: 1 of 1



Die verspringer Ruswahl Samaai verlede week in aksie op die Grand Prix-byeenkoms in Pretoria. Foto: GALLO IMAGES

## NASIONALE KAMPIOENSKAPPE

# Semenya stel visier op twéé SA titels

## Vonke kan spat in Luvo en Ruswahl se verspring-tweestryd

**Marizanne Kok**

Met die ink waarin haar nuutste rekord opgeteken is nog nie behoorlik droog nie, het Caster Semenya reeds haar oog op nuwe horisonne.

Semenya hoop om dié week in die Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskappe in Pretoria met twee nuwe nasionale titels weg te stap. Sy sal as oorweldigende gunsteling aantree in sowel die 800 m as die 1 500 m, waarin sy in verlede jaar se Wêreldkampioenskappe in Londen onderskeidelik goud en brons gewen het.

Met minder as 'n maand oor voor die Statebondspele in Australië is dubbelgoud in die SA kampioenskappe net die voorbereiding waarop die Olimpiese kampioen hoop.

"Ek fokus nou op die middelafstande," het Semenya in 'n verklaring gesê kort nadat sy verlede week die 35 jaar oue SA rekord in die 1 000 m oortref het.

"Ek probeer om in elke liewe wedloop beter te wees as in die vorige, so ons sal sien wat ek kan doen."

Die 1 500 is Semenya se eerste toets en die eindstryd is Vrydagaand. Die 800-eindstryd is Saterdag.

Die naelloper Akani Simbine hoop ook op twee goue medaljes. Hy het sy seisoen verlede week op die Grand Prix-byeenkoms in Pretoria met 'n indrukwekkende 100 m-tyd van 10.05 begin, en sal in die SA kampioenskappe 'n uitstekende kans in sowel die 100 as 200 hê as hy dié peil handhaaf.

Simbine het verlede jaar die 100 gewen en in die 200 tweede ná Wayde van Niekerk geëindig. Van Niekerk is vanjaar beseer.

'n Tweestryd soos min wag Saterdagmiddag in die verspring vir mans, waar Luvo Manyonga en Ruswahl Samaai mekaar die stryd sal aansê. Manyonga is die wêreldkampioen en Samaai het verlede jaar in Londen brons losgespring. Albei het die maatband vanjaar reeds lekker ver laat strek – Manyonga met 'n nuwe binnenshuise Afrika-rekord van 8.44 m in die binnenshuise wêreldkampioenskappe en Samaai met 'n sprong van 8.24 verlede week in Pretoria.

Samaai sê hy sien uit daarna om hom weer teen Manyonga te toets. "Die nasionale kampioenskappe is altyd goed, want ek ding mee met die wêreld se beste. Dit motiveer en bring die beste in my uit."

■ Die byeenkoms vind van môre tot Saterdag by Tuks plaas.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.